# DIE KONINGKRYK VAN GOD

*Deur Pieter van Heerden (geskryf vir e-kerk)*

**Wat beteken die Koninkryk van God vir jou? Het jy al die woorde gebid: "Laat U Koninkryk kom**, in die hemel net so ook op die aarde?" Wat is dit waarvoor ons vra en sal ons weet hoe dit lyk as ons dit teekom?

**† Ons hoor van die Koninkryk van God reeds in die Ou Testament. Lees Dan 2:44. Wat leer ons van die Koninkryk?**

**God self is die inisieerder van die Koninkryk, dit is Sy idee**. Hierdie Koninkryk gaan vir ewig en altyd bestaan. Dit het geen raklewe nie. Die setel van die mag in hierdie Koninkryk sal nooit van hande verwissel nie, dit sal by die oorspronklike eienaar bly.Op die einde sal al die ander koninkryke ondergeskik wees aan die Koninkryk wat God daargestel het en geen bestaansreg meer hê nie.

**† Wat is hierdie Goeie Nuus van die Koninkryk? Lees Luk 4:18 & 19. Wat is dit wat Jesus hier leer?**

Jesus lees uit Jesaja. Die Gees van die Here is op my. **Hy het my aangestel om die goeie nuus te bring vir daardie mense op wie almal neersien; van nou af is hulle vir God baie spesiaal.** God het my gestuur om vir die gevangenes te sê dat hulle vonnis vir altyd verby is; en om die blindes weer te laat sien, om almal wat verdruk word te kom bevry, en om aan te kondig: God se bonusjaar is hier, sy groot jaar om stukkende mense se lewe weer heel te maak. Dan maak Jesus 'n belangrike aankondiging in vers 21. Vandag het al hierdie woorde in die Bybel waar geword, reg voor julle oë.

Dit is waarmee Jesus hom besig gehou het – die nuwe wêreld vind sy beginwortels en ons is bevoorreg om deel te wees van die vestiging daarvan!

**Die Goeie Nuus is dat Jesus die Messias is** en deur Hom is daar goeie nuus vir die armes, die wat gevange is sal vryheid ervaar, blindes sal sien en onderdruktes sal vrygestel word en God se guns en seen sal ervaar word.

**Jesus kom nie alleen oor die Koninkryk preek nie, maar demonstreer die realiteit en fisiese teenwoordigheid van die Koninkryk van God. In Hom en deur Hom breek God se nuwe wêreld deur in hierdie gebroke wêreld.**

***Liewe Lidmaat, kom ons vertel almal wat ons teëkom hierdie Goeie Nuus van Jesus as die***

**Gebed**
Dierbare Here
U Koninkryk is nie 'n idiliese idee nie
Dit is 'n werklikheid wat deur Jesus geleer is, maar ook gedemonstreer is
U Koninkryk is hier, want dit leef in my
Help my om soos Jesus U Koninkryk te demonstreer en so mee te werk in
U groot plan om mense aan U bekend te stel
Ek vra dit in Jesus se naam
Amen



Maandblad NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Christus alles in almal!
SEPTEMBER 2012

## In-huis of in-gebruik?



Wat sou jy dink van iemand wat 'n pragtige motor koop, maar omdat hy bang is dat die motor sal kilometers vermeerder, die bande mag afloop en die gevaar loop om 'n skrapie hier en daar op te tel, liewers sy motor net in die motorhuis te laat staan ? Ongebruik te bewaar! Natuurlik sou ons dink so 'n mens is die klits effe kwyt, want 'n motor is tog bedoel om mee te ry, al loop sy bande af en al vermeerder die kilometers en al kry dit 'n skrapie hier en daar.

Jesus het op 'n keer gesê: ***as julle probeer om julle lewe vir julself te bewaar, sal jul dit verloor. Maar as julle julle lewe ter wille van My prysgee, sal julle dit juis bewaar*** (Luk 9:24). Ja sommige mense maak met hul lewens soos die man met sy motor wat hierbo genoem is. Ons sing Sondag " my alles offer ek", maar deur die week staan my lewe geparkeer in die geestelike motorhuis.

Christenwees beteken om op die pad van die lewe elke dag myself weg te gee vir God en my medemens. Soos 'n motor op die pad hoort, al kry dit soms skrape en slytasie, so hoort ons op die lewenspad in diens van ons Heer. Eintlik is die sin van die lewe om opgebruik te word vir die Heer en ons medemens.

George Fox het iets begryp wat dit beteken dat die Here hom kan opgebruik. Hy was kapelaan op 'n duikboot toe dit in 1943 deur 'n Duitse torpedo getref is. Matrose het in die see gespring en met reddingbootjies probeer wegkom. 'n Aantal soldate het nie reddingbaadjies gehad nie.

**IN HIERDIE UITGAWE:**


| | |
|---|---|
| Oestyd - 'n Kort Boodskap | 4 |
| Taakspan vir Omgegroepe | 6 |
| Die Koningkryk van God | 8 |


>>> Na bladsy 2

Fox en drie ander christenvriende het hul reddingbaadjies uitgetrek en dit vir die soldate gegee. Clark, een van die oorlewendes vertel hoe Fox en sy vriende hardop gesing en gebid het vir die veiligheid van die soldate terwyl hulself op die sinkende skip agtergebly het. Self het hulle geen kans gestaan op oorlewing sonder reddingbaadjies nie. Hulle het hul lewe gegee vir ander.


Om Christus na te volg gaan oor selflose weggee van jouself. Soos sout wat uit die potjie gegooi moet word oor die kos om aan sy doel te beantwoord. Dit beteken nie noodwendig reuse dinge nie, maar kan beteken dat jy vir ander om jou met Jesusliefde glimlag, 'n drukkie gee, hand bysit waar praktiese diens gelewer word om ander te help, 'n oor gee vir iemand in beproewing, 'n gebed saam met 'n ander doen, 'n stukkie brood gee, 'n eensame of sieke te besoek of wat ook al doen om 'n ander se las te help dra.

In hierdie r12-maand dink ons veral oor die red-'n-kind-in-die-Moot-projek. Wat gaan jy doen om jouself te gee vir 'n ander mens of kind in die Moot ?


Die uitdaging is nie om veilig jou eie lewe te bewaar en te oorleef nie, maar om jouself terwille van Christus en jou medemens, selfloos weg te gee! So bewaar ons ons lewe.

Die motor in die motorhuis wat sonder slytasie, kilometers en afgeryde bande, veilig in-huis is beantwoord nie aan sy doel nie. Wat van jou en my ? Is ons in-huis of in-gebruik op God se pad?

Saam op pad totdat ons eendag uit ons Heer
se mond sal hoor: *mooi so goeie en getroue dienaar*.



***ds Leon van Heerden***






NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL

deur Christus-liefde gee ons vir almal om

# 8 September 2012

**7:00 tot 14:00**




**Mini-Krieket**

**Vlooimark**

**Kerrie en Rys**
**Jaffels**
**Slaptjips**
**Nagereg en Koek**
**Koffie en Tee**
**Popcorn**

**Ponieritte**





Adelaars Sport Terrein
18de Laan, Meyerstraat
Wonderboom-Suid

**Navrae:**
Herman Labuschagne
082 461 1152

Parkering Beskikbaar

★Ponieritte ★Vlooimark ★Mini-Krieket

# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

Omgeegroepe
Ons gee om.

***VISIE:*** *Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

r12

Ons bou voort op aspekte wat prominent in ons Omgeegroepe sigbaar behoort te wees. Ons het laas gekyk na *karaktervorming* en *liefde vir mekaar*. Kom ons besigtig 'n paar fasette van ***bemoediging***. Waaroor gaan dit en hoe kan ons dit prakties toepas in Omgeegroepe.

- *Bemoediging tref die hart*-:
  Ons is elkeen bewus van hoe bemoediging 'n groot verskil maak in ons eie lewens dus behoort dit tog sekerlik 'n ander se "hart te tref" deur te help wanneer hulle deur 'nmoeilike tyd gaan wat selfs soms bitter uitgerek kan wees.
- Konsentreer op wat vir jou as persoon bemoedig en pas dan dieselfde toe aan ander wat dit mag benodig.
- Nie almal se emosionele behoeftes word op dieselfde manier bevredig nie. Ons moet dus sensitief wees hoe om aan 'n ander se behoeftes te voorsien. 'n Paar praktiese voorbeelde: tyd te bestee, vir mekaar te bid, klein geskenkies te gee of selfs 'n liefdesdiens te lewer om te wys dat ons vir mekaar omgee.
- Deel idees van bemoediging en bemoedig mekaar om dit gereeld te begin toepas.
- Versterk verhoudings binne Omgeegroepe deur pret ook te hê – vier mekaar se oorwinnings, drink koffie saam, geniet 'n maaltyd, beplan 'n uitstappie, ens.
- Besef die krag van jou teenwoordigheid. Deur net daar te wees laat ander voel dat jy hulle as belangrik ag. Dat die persone in jou Omgeegroep van waarde is. Elkeen het 'n bydrae wat hulle kan lewer.
- Komplimenteer en help mekaar om deur moeilike tye staande te bly.
- Vertel hoe iemand jou dalk bemoedig het. Dit maak 'n verskil!

***"ONGELUKKIGE MENSE WORD BAIE GOU EENSAME MENSE.***
***'n MENS HET NIE ALTYD BEHEER OOR DIE DINGE WAT MET JOU GEBEUR NIE, MAAR JY KAN KIES HOE JY DAAROP REAGEER"***

***Indien jy betrokke wil raak in 'n Omgeegroep, kontak asseblief:***

***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***



# !! ONTHOU DATUMS !!

- **8 Sept:** Moot Karnaval
- **16 Sept:** r12 Afsluiting & Familie-fees
- **21 - 24 Sept:** Gemeentekamp
- **28 Sept:** Skole sluit

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!
Kontak Ilze 072 111 3100

**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



Naómi

082-804-1200 012-331-0015

# OESTYD - 'n KORT BOODSKAP

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur send deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom.

Met u bystand maak u dit moontlik dat hierdie sendelinge (van die Koerde, Kambodja, Mosambiek, Limpop en Laudium) die taak wat God op hulle gelê het, uit te kan voer.

Ons het 'n aanspreeklikheid teenoor hierdie sendelinge in die veld. Hulle het geestelike, emosionele en ook finansiële ondersteuning nodig. Dankie dat u die taak op u geneem het om hulle, in gebed, emosioneel en finansieël te ondersteun. Deur die omgee-liefde en groot genade van Jesus Christus is dit vir ons almal moontlik om deur die krag van die Heilige Gees, wat in ons woon, die blye boodskap uit te dra. Daar waar jy woon, werk en wandel, kan jy vandag 'n verskil maak.

Kom ons hou ook ons sendelinge se arms in die lug.

Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offe benodig, kry asseblief by die mobiele inlitigingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

| | |
|---|---|
| Ds Corne du Plooy<br>Sending Sonder Grense<br>Ds Hannes Peens (Limpopo) | Ds Leon Tait<br>012 333 2470 |
| Koerde | Cobus de Waal<br>082 749 7846 |
| Mosambiek radiostasie<br>Allen en Ansie vd Merwe | Japie en Ena le Grange<br>012 331 3953 |
| Gebedsketting<br>Laudium | Alet Briers<br>012 331 1311 |
| Alta Glas | Koenie Goosen<br>084 652 8773 / 012 333 5325 |



WEBWERF

# RIETFONTEIN-SUID WEBWERF

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf.

Weeklikse opdatering word gedoen op die gemeentekalender, Bybellees program, gebedsake en vele meer.



Besoek ook gerus Die Koffiepot - waar u van die gemeente se media kan aflaai in PDF format, soos - Bybel Blokraai, Gebedskalender, gemeentekalender, Gesinne in Harmonie, Oestyd, Pennefluitjie, Die Rietfluit, Saampraat blad en die Verskil.

**www.rietfontein-suid.ng.org.za**


To God the Glory

# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

**At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:**

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.





*We serve the Community of God*
Contact us for an interview

**012-331-8274**

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue